

5 Januarie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 16:1-8

Fokusgedeelte: Deuteronomium 16:8

Laat ons feesvier met die ongesuurde brood van 'n heilige lewe!

Christene roem graag in die verlossing deur Jesus Christus, maar dan vind ons dikwels geen teken van heiligmaking deur die Heilige Gees in hulle lewens nie. Verlossing en heiligmaking kan nie van mekaar geskei word nie, soos duidelik blyk uit God se opdrag om Israel te laat feesvier. So beveel God Israel om tesame met die Paasfees die fees van die ongesuurde brood te vier.

Met die tiende plaag, die dood van die eersgeborenes in Egipte, het die doodsengel die huise waarvan die deurkosyne met die bloed van die paaslam gesmeer was, oorgeslaan. Tog sou die feesvreugde van die volk nie eindig met Paasfees nie, dit sou voortgesit word deur die eet van ongesuurde brood.

Vandag gebruik ons gis en bakpoeier om deeg te laat rys. Destyds is 'n stukkie deeg elke keer gebêre wat dan suur geword het en in die volgende baksel ingeknie is om die nuwe deeg te laat rys. Die betekenis is duidelik: soos die fees van die ongesuurde brood direk en onlosmaaklik volg op die Paasfees, so volg lewensheiliging direk en onlosmaaklik op die verlossing.

Jesus is die brood van die lewe (Joh 6). In Hom is geen suurdeeg, geen onreinheid nie. Hy het al ons suurdeeg, ons sondeverdorwenheid, op Hom geneem, dit in die graf ingedra en van ons af weggeneem. Waar Paasfees na sy kruisiging verwys, verwys die fees van die ongesuurde brood na sy begrafnis.

Vir ons geloofslewe beteken dit dat wie deur Jesus se bloed verlos is (Paasfees), die opdrag van God kry om van alle onreinheid, soos gesimboliseer deur bedorwe *suur*-deeg, ontslae te raak. Op die verlossing volg noodwendig lewensheiliging, anders loop jy gevaar om van voor af deur-en-deur te verrot en van die gemeenskap van God se volk afgesny te word.

Sing: Psalm 97:6; Skrifberyming 14:1, 2; 33:1, 3

Ds PK Lourens (Bloemfontein-Oos)

